HANDLEIDING 2012

KIELIE JOU KREATIWITEIT! *

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

AFRIKAANS EKSPO vir leerders

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
AFDELING A: ALGEMEEN		
1.	Doel van die Afrikaans-Ekspo	3
2.	Verskillende kompetisies (Ekspo's)	3
AFDELING B: REËLS, RIGLYNE EN VOORSKRIFTE		
1.	Inskrywingsgeld	3
2.	Stap-vir-stap-inskrywingsprosedures	4
	A Sekretariaat en vennote	4
	B Plaaslike Ekspo	4
	C Provinsiale Ekspo	4
	D Nasionale Ekspo	5
3.	Die standaard van die Ekspo's	6
4.	Toekennings en Pryse	6
5.	Bronerkenning	6
6.	Wenskole	8
AFDELING C: KATEGORIEVOORSKRIFTE		
Voorskrifte en kategorieë		9
Kategorie: Musiek en Liriek: RAP, Oorspronklik & Toonsetting		10
Kategorie: Skryfkuns		
	A Prosa	17
	a) Opstel	18
	b) Dialoog	19
	c) Beskrywende paragraaf	19
	d) Dagboekinskrywing	20
	e) Reisstorie	21
	B Poësie	22
Kategorie: Visuele voorstelling van tekste		29
Kategorie: Literêre vertaling		38
Kategorie: Redenaars		42
Kategorie: Koerantplakboeke		45
Kategorie: Media – Tydskrifte en koerante		52
Kategorie: Animasiefilm		58
Kategorie: JIP-rubriek		62
AFDELING D: VORMS		
Voorblad		66
Kategorieopsommingsvorm		67
Naamlyste vir kontrole		68
Opsomming van inskrywingsgeld		69
Provinsiekoördineerders		70

AFDELING A

1. DOEL VAN DIE AFRIKAANS-EKSPO

Die doel van die Afrikaans-Ekspo is: *Om aan alle leerders in Suid-Afrika die geleentheid te gee om in en deur Afrikaans 'n spontane en kreatiewe taalervaring te beleef.*

2. VERSKILLENDE KOMPETISIES (EKSPO'S)

- Plaaslike beoordeling 16 – 30 April 2012
- Provinsiale beoordeling 1 – 22 Junie 2012
- Nasionale beoordeling 16 – 31 Julie 2012
- Nasionale Prysuitdelingsfunksie 15 September 2012

AFDELING B

1. INSKRYWINGSGELD

- **Alle skole betaal R200,00 inskrywingsgeld.**
- **Leerders: 'n Eenmalige bedrag soos volg:**
  R20,00 per leerder per inskrywing.
  Indien 'n leerder dus bv. 3 inskrywings instuur, sal die inskrywingsgeld 3 x R20 = R60 wees.
- Leerderinskrywingsgelde is betaalbaar teen einde Mei 2012.

LET WEL:

- **Inskrywingsgeld** word aangewend om die **oorhoofse koste** van sertifikate, asook die provinsiale en nasionale beoordeling te dek. Leerders ontvang 'n sertifikaat (met goud, silwer en/of brons seël) vir ELKE inskrywing.
- In die geval van **groepinskrywings**, betaal **elke leerder** in die groep R20,00 vir die inskrywing.
- **Skole deponeer die geld in die Afrikaans-Ekspo-rekening:**
  ABSA, Hatfield (Takkode: 33 55 45 15)
  Rekeningnommer: 906 0311 018
- **Belangrik: Gebruik asb. die skool se naam as verwysing op die depositostrokie om identifisering op die bankstaat te vergemaklik.**
- **Die depositostrokie van 'n bankinbetaling óf 'n internet-inbetaling moet saam met die Opsomming van inskrywingsgeld gefaks word na die Ekspo-kantoor: 086 502 6484.**
- Skole moet ook (vir kontroledoeleindes) die **Ekspo-nommer**, wat aan hulle toegeken is, op alle kommunikasiestukke aanbring.
- **Skole bly verantwoordelik om alle inskrywingsgeld van die leerders te verhaal.**
- **Die Ekspo aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige inskrywings wat wegraak indien die naamlyste vir kontrole nie ontvang is nie.**

2. STAP-VIR-STAP-INSKRYWINGSPROSEDURE

Inskrywingsprosedure en sperdatums:

A. SEKRETARIAAT EN VENNOTE

Datum	Implementering
Oktober – Desember 2011	➢ Die Ekspo-bewusmakingsvoublad met 'n skooldeelnamevorm word aan skole landwyd versend. ➢ Ekspo-handleidings word aan deelnemende skole versend.
15 Februarie 2012	➢ **SKOLE-INSKRYWINGS SLUIT (FINAAL)**

B. PLAASLIKE EKSPO

Datum	Implementering
12 April 2012	➢ **Leerders handig inskrywings in. Dit moet reeds taalversorg wees vir plaaslike beoordeling.**
16 April 2012	➢ **NB!** Skole faks die plaaslike kategorieopsommingsvorm na 086 502 6484. **Hierdie vorm is baie belangrik!**
16 – 30 April 2012	➢ **Plaaslike beoordeling**: Vakonderwysers merk en keur inskrywings volgens kategorieë soos aangedui in die handleiding.

LET WEL:

- Leerders **moet** hulle werk betyds voorlê (voor plaaslike beoordeling) vir **taalversorging**, aangesien foute tot op nasionale vlak gepenaliseer word.
- Kontroleer dat die Voorblad van elke inskrywing reeds by die plaaslike evaluering **KORREK** en **VOLLEDIG** ingevul is.
- **GEEN INGEVULDE EVALUERINGSVORM MOET DIE PROVINSIALE INSKRYWINGS VERGESEL NIE.**
- Inskrywings moet vroegtydig versend word om die Ekspo-store betyds vir die beoordeling (**1 – 22 Junie 2012 en 16 – 31 Julie 2012**) te bereik.

C. PROVINSIALE EKSPO

Datum	Implementering
4 Mei 2012	➢ **Provinsiale inskrywings sluit.** ➢ Inskrywings wat **75% en hoër** behaal, kwalifiseer vir die Provinsiale Ekspo.
7 – 8 Mei 2012	➢ Na afloop van plaaslike beoordeling, faks skole die **provinsiale kategorieopsommingsvorm** na 086 502 6484. **Inskrywingsgeld** is betaalbaar teen einde Mei 2012. **Let wel**: Slegs leerders wat **deurdring na die provinsiale vlak, betaal**! ➢ Skole faks die **Opsomming van inskrywingsgeld en**

NB! NB! NB!	**inbetalingsbewys** na 086 502 6484. ➢ Skole **versend al die inskrywings** per geregistreerde pos na die provinsiestore (kyk bl. 62). ➢ Inskrywings moet die store **nie later nie as Vrydag, 25 Mei 2012** bereik. ➢ Die volgende vorms moet saam met die inskrywings na die provinsiestoor gestuur word: **Getikte naamlys vir kontrole**, en die **kategorieopsommingsvorm**. ➢ 'n **Afskrif van die getikte naamlys vir kontrole** in Word-formaat moet per e-pos na die Ekspo-sekretariaatkantoor gestuur word – **chrisna7@gmail.com**
25 – 30 Mei 2012	➢ Provinsiale koördineerders sorteer inskrywings.
31 Mei 2012	➢ Provinsiale koördineerders oorhandig inskrywings aan Beoordelaar-koördineerders.
1 – 22 Junie 2012	➢ **Provinsiale beoordeling vind aan universiteite plaas**.
23 Junie – 2 Julie 2012	➢ Provinsiale koördineerders sorteer inskrywings. ➢ Inskrywings met **75% en hoër** dring deur na die Nasionale Ekspo. Inskrywings met laer simbole word na die skole teruggestuur. **Pretoria-skole se inskrywings moet binne een kalendermaand afgehaal word by Chrisna Nel, Theunsweg 260, Murrayfield.** ➢ **Indien dit nie afgehaal word nie, sal dit met kontant by aflewering gepos word.**

D. NASIONALE EKSPO

Datum	Implementering
2 Jul. 2012	➢ **Nasionale inskrywings sluit.** ➢ **Provinsiale koördineerders faks nasionale kategorieopsommingsvorm** na 086 502 6484. ➢ Provinsiale koördineerders **versend inskrywings** na die nasionale stoor in Pretoria.
6 Jul. 2012	➢ **Inskrywings moet reeds in Pretoria wees vir beoordeling**. ➢ **Geen laat inskrywings word aanvaar nie**.
7 – 15 Jul. 2012	➢ **Die Ekspo-kantoor sorteer die inskrywings**. ➢ Inskrywings word **volgens kategorieë genommer**.
15 – 16 Jul. 2012	➢ Beoordelaar-koördineerder oorhandig inskrywings aan die beoordelaars.
16 – 31 Jul. 2012	➢ **Nasionale beoordeling vind in Pretoria plaas**.
1 – 13 Aug. 2012	➢ **Punte** word opgeskryf. ➢ **Finaliste** word bepaal. ➢ **Paneelbeoordeling** om wenners aan te dui.
14 – 17 Aug. 2012	➢ **Uitslae** word aan die skole gestuur.

	➢ **Wenners** word na die prysuitdelingsgeleentheid genooi. ➢ Skole laat weet wie dit gaan bywoon.
20 – 31 Aug. 2012	➢ Die Voortrekker-hoofkantoor **tik die nasionale sertifikate**, **plak seëls op die sertifikate** en **kontroleer die name**.
3 – 14 Sept. 2012	➢ Ekspo-kantoor **sorteer die inskrywings**. ➢ Die **sertifikate** word verpak. ➢ Die **nasionale pryse** word verpak.
15 Sept. 2012	➢ **NASIONALE AFRIKAANS-EKSPO PRYSUITDELING**

NB – Let asb. op die sluitingsdatums vir die verskillende beoordelings!

3. DIE STANDAARD VAN DIE EKSPO'S

EKSPO	Minimum toelaatbare vereiste
Plaaslik	-
Provinsiaal	75%
Nasionaal	75%
Finaliste vir nasionale wenners	85% en meer
Finaliste vir beoordelaarspryswenners	75%-85%

4. TOEKENNINGS EN PRYSE

- **Plaaslik**: Sertifikate
- **Provinsiaal**: Sertifikate
- **Nasionaal**: Sertifikate (met goud, silwer of brons seëls)
  Pryse vir nasionale wenners in elke kategorie
  Beoordelaarspryse in elke kategorie
  Trofees vir Wenskole

5. BRONERKENNING (VOLGENS HARVARD-METODE)

LITERATUUR Opperman, D.J. 1983. *Groot Verseboek*, 9de uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.
ENSIKLOPEDIEË WÊRELDSPEKTRUM V. 5 p.28 1983 *Dias, Bartholomeus.* Pretoria: Ensiklopedie Afrikana.
TYDSKRIFTE (Artikels) Walters, J. 1992. *Ontdekkingsreise na die Nuwe Wêreld* in DIE HUISGENOOT jg. 42 no. 28, p. 27-28.
INTERNET Phillips, F. 1998. *Jan Spies as storieverteller*. Aanlyn: <http://storiewerf.co.za/html> soos op 12 Augustus 2004.
CD ENCARTA. 1998. William Shakespeare. Microsoft, 1997.
KOERANTE De Klerk, S. 2005. "Ouers – dis julle taak!" *Beeld*: 9, 23 Feb.

ONGEPUBLISEERDE WERKE
Steyn, J.A. 1998. "Natuurbewaring en die reg." D.Litt. et Phil.-tesis, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.

WOORDEBOEKE
Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.

Indien onseker oor verwysingsmetode, raadpleeg *Skryf Afrikaans van A-Z* (Müller, D. 2003. Kaapstad: Pharos).

6. WENSKOLE

Die wenskole vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal word verdeel in:

Klein skole:	Skole met 0-500 leerders
Middelgrootte skole:	Skole met 500-1000 leerders
Groot skole:	Skole met meer as ’n 1000 leerders

Die wenskole word bepaal ten opsigte van die prestasies van die deelnemende skole. ’n Aspek soos die deelname aan ’n verskeidenheid van kategorieë word in ag geneem. Aan hoe meer kategorieë die skool deelneem, hoe groter is die kans om een van die wenskole te wees.

Die wenskole vir 2011 was:

Afrikaans Huistaal (Klein skole)
1 - Hoërskool Parys

Afrikaans Huistaal (Medium skole)
1 - Hoërskool Pretoria-Noord
2 - Hoër Tegniese Skool Tom Naudé
3 - Hoër Meisieskool Bloemhof

Afrikaans Huistaal (Groot skole)
1 - Die Hoërskool Menlopark
2 - Potchefstroom Gimnasium
3 - Afrikaanse Hoër Meisieskool

Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Klein skole)
1 - Cambridge Academy
2 - The Wykeham Collegiate
3 - Roedean School

Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Medium skole)
1 - Kearsney College
2 - Cornwall Hill College
3 - Rustenburg Girls High

Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Groot skole)
1 - Pretoria High School for Girls
2 - Northern Academy
3 - Lyttelton Manor High School

Geen skoolwenners in Afrikaans Tweede Addisionele Taal nie.

AFDELING C

VOORSKRIFTE EN KATEGORIEË

Leerders kan aan die volgende kategorieë deelneem:

- Musiek en Liriek
- Prosa (opstel, beskrywende paragraaf, dagboekinskrywings, dialoog)
- Poësie
- Visuele voorstelling van tekste
- Literêre vertaling
- Redenaars
- Koerantplakboeke
- Media: Tydskrifte en koerante
- Animasiefilm

Kategoriesleutel vir Junior en Senior

J = Junior (graad 8-9)
S = Senior (graad 10-12)
JG = Junior Groep (graad 8-9)
SG = Senior Groep (graad 10-12)

Groepe: Elke kategorie het ’n spesifikasie oor getal leerders per groep.

KATEGORIE: MUSIEK EN LIRIEK

('n Maksimum van 4 leerders per inskrywing.)

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- 'n Leerder mag **as individu sowel as lid van 'n groep** deelneem.
- Let op die **maksimum hoeveelheid leerders** wat in 'n **groep** in hierdie **kategorie** mag wees.
- By **groepinskrywings** moet elke lid sy/haar afsonderlike bydrae **skriftelik** aan die einde van die opdrag aandui.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **name van al die leerders in 'n groep** moet op die **voorblad** ingevul wees.
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.

- **Beoordeling word slegs op nasionale vlak gedoen.**
- **EEN evalueringsvorm** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang ’n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.
- Gebruik **toeknipsakkies**.
- ’n **CD, DVD of MP3** mag gebruik word en moet **duidelik gemerk** wees met leerder(s) se naam, titel en kategorienommer.
- **Geen MP4** word toegelaat nie.

2. OPDRAG

A) Musiek en liriek: RAP

- Dit moet ongeveer **15-30 reëls** wees.
- **Lirieke** moet saam met begeleiding **gerap** word.
- **Lirieke**: **A4-formaat**. Notering word nie vereis nie, maar word verkies.

Wenke oor hoe om te werk te gaan:

- Luister na baie RAP-liedjies.
- Kies ’n onderwerp waaroor jy baie sterk voel.
- Dink baie oor jou tema. Maak ’n **breinkaart**, m.a.w. **organiseer jou gedagtes**. Dit moet logies wees. Jy moet jou gehoor **oortuig**. Jou **boodskap** is belangrik. Wat wil jy sê?
- Kies nou **kragtige woorde** en teken ’n prentjie in die gehoor se verbeelding.
- **Rym** is baie belangrik.
- **Ritme en klanknabootsing** is uiters belangrik.
- Maak gebruik van **vergelykings en metafore**.
- **Emosie** speel ook ’n groot rol.
- Omdat ritme so belangrik is, moet dit hardop geoefen word sodat jy die woorde kan voel.
- Speel op mense se emosies – jou boodskap moet oorkom.

B) Oorspronklike musiek en liriek:

- Dit moet ’n **maksimum van 3 minute** duur.
- Slegs **oorspronklike musiek** en **oorspronklike liriek**, geskep deur die leerders, kan ingeskryf word.
- **Lirieke** moet saam met begeleiding **gesing** word.
- **Lirieke**: **A4-formaat**. Notering word nie vereis nie, maar word verkies.

C) Toonset van bestaande gedig:

- **Toonset EEN** van die gegewe gedigte (bl. 11-12).
- Dit moet ’n **maksimum van 3 minute** duur.
- **Lirieke** moet saam met begeleiding **gesing** word.

- **Lirieke**: **A4-formaat**. Notering word nie vereis nie, maar word verkies.
- **Behou** die **gedig se titel** as die inskrywing se titel.
- Die **volledige** gedig moet gebruik word.
- 'n **Refrein** (herhaling) is toelaatbaar.

Gebruik slegs EEN van die onderstaande gedigte:

Herinneringe (Koos du Plessis)

Jou beeld is 'n verflenterde foto
in 'n skewe, versplinterde raam
en 'n sestal geskommelde letters
spel jou tweelettergrepige naam.

Jou woorde is dor manuskripte
vir die motte bewaar op die rak
en ons dae 'n kralesnoer syfers
op 'n outydse muuralmanak.

Jou oë was die kleur van die aarde,
van saffier, van smarag of agaat,
en jou stem 'n ontwykende deuntjie
gevange in 'n stukkende plaat.

vergete is die lag in jou oë
of die tranespoor oor jou wang,
maar soms in die nanag onthou ek
hoe diep ek na jou kon verlang.

Want wat ek vir altyd wou vashou,
het die tyd uit my hande laat gly
en wat ek so graag wou vergeet het,
is vir ewig gebalsem in my.

Kontak (Theo de Jager)

Ek kon jou met 'n selfoon bel
Om te sê dat ek jou baie mis,
maar die kaart was gekrap, die batterye pap

4 en die boodskap het in die niet verdamp.

5 Ek het vir jou ’n brief geskryf
6 en my hart se hoeke daarin uitgewas
7 maar my pen was krom, my vingers te dom
8 om die woorde in die koevert te pas.

9 Toe het ek maar ’n duif gestuur
10 sonder skrif of klank, en nou wag ek,
11 hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
12 met ’n takkie blare in sy bek.

KWATRYNE (Ina Rousseau)

10
1 Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
2 aanskou ek die verhoog se glans en kleur
3 en wag dat u my toelaat om oplaas
4 my rol te gaan vertolk, O Regisseur.

11
1 As daar applous was vir die laaste maal
2 en U die décor moeg na onder haal,
3 sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
4 volgens ons moeite en geduld betaal?

12
1 In hierdie klug vergeet soms ’n akteur
2 heel onverwags sy reëls en loer versteur
3 na die coulisses links en regs
4 maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

13
1 Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
2 vra menigeen aan die verhoog se kant
3 nog steeds : Is ek van hierdie klug die held
4 of teen die agterdoek ’n figurant?

Kategoriesleutel

59 : JG – Musiek en liriek: RAP
60 : SG – Musiek en liriek: RAP
61 : J – Musiek en liriek: Oorspronklik
62 : S – Musiek en liriek: Oorspronklik
63 : JG – Musiek en liriek: Oorspronklik
64 : SG – Musiek en liriek: Oorspronklik
65 : J – Musiek en liriek: Toonsetting
66 : S – Musiek en liriek: Toonsetting
67 : JG – Musiek en liriek: Toonsetting
68 : SG – Musiek en liriek: Toonsetting

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: MUSIEK EN LIRIEK: RAP

LET WEL: Hierdie kategorie word slegs nasionaal beoordeel.

Tema **10**	• Is dit ’n oorspronklike tema? • Word die tema op ’n oorspronklike wyse behandel?
Liriek **10**	• Is dit oorspronklike, kragtige taalgebruik? • Is die woordklem deurentyd korrek?
Struktuur **15**	• Is daar ’n duidelike struktuur/plan te bespeur? • Is daar voldoende rym?
Trefkrag **15**	• Word die gehoor oortuig? • Word die boodskap duidelik oorgedra?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: MUSIEK EN LIRIEK: OORSPRONKLIK

LET WEL: Hierdie kategorie word slegs nasionaal beoordeel.

Tema **__** **10**	• Is dit 'n oorspronklike tema? • Word die tema op 'n oorspronklike wyse behandel?
Liriek **__** **10**	• Is dit oorspronklike, beeldryke taalgebruik? • Is die woordklem deurentyd korrek? • Word die taalreëls (soos bv. dubbele ontkenning) gehoorsaam?
Musiek **__** **10**	• Komplementeer die musiek se toonkleur en tempo die semantiese en emosionele lading van die liriek? • Word die musiek en liriek een?
Struktuur **__** **10**	• Is daar 'n duidelike struktuur/plan te bespeur? • Is daar voldoende afwisseling tussen vers en refrein? • Kom daar moontlik 'n treffende brug of modulasie voor?
Trefkrag **__** **10**	• Is daar 'n sterk "hoek" (musikaal of in die liriek) teenwoordig? (m.a.w. bly dit in jou kop draai?) • Herinner dit nie aan 'n bestaande liedjie nie?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: MUSIEK EN LIRIEK – TOONSETTING

LET WEL: Hierdie kategorie word slegs nasionaal beoordeel.

Musiek **__** **20**	• Komplementeer die musiek se toonkleur en tempo die semantiese en emosionele lading van die liriek? • Word die musiek en liriek een?
Struktuur **__** **20**	• Is daar ’n duidelike struktuur/plan te bespeur? • Is daar voldoende afwisseling tussen vers en refrein? • Kom daar moontlik ’n treffende brug of modulasie voor?
Trefkrag **__** **10**	• Is daar ’n sterk “hoek” (musikaal of in die liriek) teenwoordig? (m.a.w. bly dit in jou kop draai?) • Herinner dit nie aan ’n bestaande liedjie nie?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: SKRYFKUNS

(Geen groepinskrywings by opstelle, dialoog, beskrywende paragraaf, dagboekinskrywing en poësie nie.)

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- ’n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- ’n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- Inskrywings wat reeds vir ander kompetisies (bv. Poort en ander skryfkompetisies) gebruik is, kan deur dieselfde leerder ook vir die Afrikaans-Ekspo gebruik word, mits dit aan die kategorievereistes voldoen.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- **Inskrywings kan oorweeg word vir opname in publikasies** – met erkenning van outeurskap. Indien ’n uitgewer hierby betrokke sou raak, bestaan die moontlikheid van finansiële erkenning aan die outeur.
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van ’n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
    - **Font: Arial**
    - **Lettergrootte: 12**

- **Spasiëring: 1½**

- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- **TWEE evalueringsvorms** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang 'n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.
- **Geen plastieksakkies word toegelaat nie!**
- **Geen prente en/of sketse word toegelaat nie!**
- Slegs **verhalende prosa** is toelaatbaar by opstelle.
- Geen betogende/beredenerende of filosofiese prosa nie.
- Moet **NIE** in die **verledetydsvorm** skryf nie; eerder in die **hede.**
- Skryf in die **eerstepersoon, alomteenwoordige verteller**.
- **Prosa en poësie** kan ook per **e-pos** ingestuur word na chrisna7@gmail.com.

2. OPDRAG

A PROSA

a) Opstel:

Voorskrifte vir juniors:
- 'n Maksimum van **200-250 woorde** vir opstelle.
- Skryf die **getal woorde** van die opstel onderaan die inskrywing.

Voorskrifte vir seniors:
- 'n Maksimum van **550-600 woorde** vir opstelle.
- Skryf die **getal woorde** van die opstel onderaan die inskrywing.

Wenke:
- Om goed te kan skryf, moet jy **lees**!
- Skryf oor dit wat vir jou **bekend** is.
- Doen **navorsing** as jy wil skryf oor iets wat onbekend is.
- **Beplan** jou verhaal, **skryf** en **herskryf** (redigeer).
- **Beplan** ten opsigte van **gebeure** (die verloop van die verhaal), **tyd**, **ruimte** (plek en atmosfeer) en **karakters.**
- **Lees en herlees jou verhaal. Sorg dat spelling, taalgebruik en punktuasie korrek is**.
- Wees so **oorspronklik** as moontlik.

b) Dialoog:

Voorskrifte:
- **Slegs vir juniors (graad 8-9)**.
- Kies ’n skrywer van enige **Afrikaanse** voorgeskrewe werk.
- Gaan lees op oor hierdie skrywer (biografiese gegewens, literêre portefeulje).
- Voer ’n **onderhoud** met die gekose skrywer asof vir ’n radio- of televisieonderhoud. (Indien die skrywer oorlede is, veronderstel dat hy/sy nog in die lewe is.)
- Gee ’n **volledige bibliografie.** (Sien bl. 6.)
- ’n Maksimum van **120-150 woorde** mag geskryf word.
- Skryf die **getal woorde** van die dialoog onderaan die bladsy.

OF

- Soek ’n prentjie in óf *Beeld* óf *Volksblad* óf *Die Burger*.
- Gee die **verwysing van die koerant**.
- Skryf jou **eie dialoog** by die prentjie.
- ’n Maksimum van **120-150 woorde** mag geskryf word.
- Skryf die **getal woorde** van die dialoog onderaan die bladsy.

Wenke:
- Die dialoog moet ’n **afgeronde geheel** skep.
- Die dialoog moet **lewendig** wees.

c) Beskrywende paragraaf:

Voorskrifte:
- **Slegs vir juniors (graad 8-9)**.
- Soek ’n **prentjie** in óf *Beeld* óf *Volksblad* óf *Die Burger*.
- Gee die **verwysing van die koerant**.
- ’n Maksimum van **100-120 woorde** mag vir ’n beskrywende paragraaf gebruik word.
- Skryf die **getal woorde** van die skryfstuk onderaan die inskrywing.

Wenke:
- Probeer om al jou **sintuie** te gebruik: smaak-, reuk-, gesig- en tassintuig. Vra bv. die volgende vrae: Wat sien jy? Wat voel jy? Wat ruik jy?
- Skryf oor dit wat jy “**voel**”, m.a.w. jou emosies soos bv. blydskap, hartseer, haat, vreugde, ens.
- Gebruik **stylfigure en beeldspraak** soos vergelykings, metafore, personifikasie. Maak ook gebruik van **beskrywende woorde** soos bywoorde en byvoeglike naamwoorde.
  - **Vergelyking**: Ek is so vrolik **soos** die voëltjies wat sing.
  - **Metafoor**: Ek is **(soos)** ’n kat.
  - **Personifikasie**: Die **wind huil** om die hoeke van die huis.
  - **Bywoorde**: Die kat eet **gulsig** aan sy stukkie vleis.
  - **Byvoeglike naamwoorde**: Die **pragtige** meisie.

d) Dagboekinskrywings:

Baie mense hou daarvan om elke dag se ervarings in ’n dagboek neer te skryf. Dit is baie interessant om sulke inskrywings later weer te lees. Bekende mense se dagboeke word in boekvorm gepubliseer omdat dit so ’n insiggewende blik op die persoon se lewe gee. So ’n bekende dagboek is dié van Anne Frank, ’n Joodse meisie wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog in ’n konsentrasiekamp dood is. Sy het dit geskryf terwyl die gesin in Nederland vir die Nazi-soldate weggekruip het. Anne se dagboek is jare later gevind en toe gepubliseer. So het sy bekend geraak en nou kan almal van haar ervarings lees. Kyk ook bv. *Sy kom met die sekelmaan* (Hettie Smit).

Spesifieke voorskrifte:

- **Slegs vir juniors (graad 8-9).**
  - Kies ’n wenner van een van die volgende letterkundepryse:
    - Hertzogprys vir Poësie
    - Eugène Marais-prys
    - CJ Langenhoven-prys
    - Gustav Preller-prys
    - Tienie Holloway-medalje vir kleuterliteratuur
- Doen **navorsing** oor die persoon.
- Lees **outobiografieë** voor jy ’n persoon kies.
- Die dagboekinskrywings moet in die **eerstepersoon** wees.
- Daar moet ten minste **5 dae** se inskrywings wees.
- Gee ’n **volledige bibliografie** van boeke, ens. wat geraadpleeg is. (Sien bl. 6.)
- Vereiste lengte: **200-500 woorde**.
- Vereiste grootte: **A5-formaat**.

Wenke:

- Voorsien die dagboek van **’n voorblad en ’n titel**.
- Die **dag en datum** moet altyd bo-aan die inskrywing wees.
- In dagboekinskrywings word nie net beskryf wat die spesifieke dag gebeur het nie, maar ook hoe die skrywer daaroor **voel**.
- Dit is ’n **intieme, persoonlike weergawe** van jou belewenisse en gevoelens, daarom moet dit eerlik wees en ’n paslike atmosfeer skep.
- Die inskrywing moet ’n **bepaalde idee, ervaring of weergawe** van ’n besondere gebeurtenis, reiservarings, ens. wees.
- Die inskrywing moet slegs bestaan uit die dagboekinskrywing en **nie ’n agtergrond, inleiding en slot bevat nie.**
- Skenk aandag aan die **persoonlike idiolek en skryfstyl** van die persoon wie se dagboekinskrywings weergegee word.
- **Werk met treffende woordkeuse, natuurverwysings, beeldspraak, teenstellings, ooreenkomste en emotiewe taalgebruik om ’n meer intieme atmosfeer te skep**.
- Hou die **historiese bewussyn** in gedagte, bv. in 1960 was daar nog nie selfone nie; Anton Goosen was nog nie in 1920 gebore nie.

- ’n Dagboekinskrywing kan ook in die vorm van ’n **informele brief** wees. Dit is nie nodig om met “Liewe Dagboek” te begin nie.
- In ’n dagboekinskrywing word **volsinne nie noodwendig altyd gebruik nie**, omdat die aantekeninge vir jouself is. ’n **Sin** kan natuurlik ook uit slegs **een woord** bestaan.
- Jy mag **kreatief** wees met die **uiterlike formaat** van die dagboek, mits dit binne die voorskrifte bly.

e) Reisstorie

Spesifieke voorskrifte:
- **Slegs vir seniors (graad 10-12).**
- Foto’s, sketse en/of kaarte kan saam met die teks gebruik word. (NB: beskrywende onderskrifte is noodsaaklik.)
- Elke storie moet apart ingestuur word.

Wenke:
- ’n Reisstorie is nie net ’n blote inligtingstuk oor ’n roete of bestemming nie. Dit moet dieselfde struktuur van ’n kortverhaal volg. Met ander woorde die storie bestaan uit ’n begin, middel en einde. Addisionele inligting (bv. roetes, pryse, akkommodasie, ens.) kan verskaf word, maar vorm nie deel van die verteltrant van die storie nie.
- Daar moet ’n spanningslyn en logiese ontplooiing wees.
- Reis is ’n emosionele ervaring. Gebruik emosie, nostalgie en persoonlike ervarings om diepte te gee.
- Humor gaan skitterend saam met reisvertellings. Onthou dit wat tydens ’n reis skeef loop, word heerlike stories in die geskrewe weergawe.
- Die belangrikste is om die leser tot aan die einde te boei en met ’n bruikbare boodskap te los. Dit kan bloot ’n lekker storie, ’n lewensles of selfs praktiese inligting wees om ’n soortgelyke reis te beplan.
- Lees reisstories, -verhale en -tydskrifte (*National Geographic*, *Getaway*, *Weg*, ens.). Goeie reisskrywers sluit in: Johan Bakkes, Dana Snyman, Tim Cahill, Douglas Adams, Mark Carwardine, Paul Theroux, Michael Palin , Ranulph Fiennes, ens.
- Maak seker dat jou feite korrek is. Doen navorsing en moenie aannames maak nie.
- Fokus op ’n sentrale tema en moenie afdwaal na onnodige inligting wat die leser se aandag sal verdeel nie.
- Vermy oordrewe beskrywings, clichés en byvoeglike juweeltjies (moenie elke sonsondergang beskryf nie).
- Vermy “en toe”-vertellings, met ander woorde bloot kronologiese reisbeskrywings van begin tot einde.
- Eerstepersoonvertellings moet versigtig hanteer word. Dit werk gewoonlik net as die skrywer reeds bekendheid as reisiger en reisskrywer het.
- Skryf soos jy praat, maar bly weg van onnodige Engelse woorde.
- Dialoog tussen karakters (net soos in ’n kortverhaal) kan help met die spanningslyn.
- Wanneer daar na fauna en flora verwys word, moet biologiese name kursief bygevoeg word.

B POËSIE

Algemene voorskrifte:

- **Geen prente en/of sketse word toegelaat nie!**
- **Geen bundels mag ingestuur word nie.** Dit moet **losstaande gedigte** wees**.**
- Die koste: **R20 vir elke gedig wat ingeskryf word**.
- **Heg die voorgeskrewe voorblad en evalueringsvorm aan elke gedig!**

Wenke:

- **Lees baie poësie**.
- **Eenheidsindruk en eenheidseffek** is baie belangrik.
- **Vermy oordrewe emosie, sentimentaliteit**.
- **Vermy rymelary** – blote herhaling van betreklik niksseggende rymwoorde.
- Goeie rymwoorde rym nie net nie, hulle verskil ook; hulle bevat **iets vreemds en anders**.
- Gee aandag aan **afsluiting** van gedigte.
- Probeer **sterk, konkrete beelde** gebruik.
- **Konkrete taal**, wat naby aan die alledaagse lewe en alledaagse ervaring lê, is baie belangrik.

Onderwerpe vir prosa en poësie:

- Vrye keuse

Kategoriesleutel:

69 : J – Opstel
70 : S – Opstel
71 : J – Dialoog
72 : J – Beskrywende paragraaf
73 : J – Dagboekinskrywings
74 : S – Reisstorie
75 : J – Poësie
76 : S – Poësie

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: PROSA – OPSTEL

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Inhoud **__** **20**	• Is daar ’n duidelike tema? • Is die skryfstuk onderwerpgerig? • Vorm gebeure, karakters, tyd en ruimte ’n funksionele geheel? • Is daar sprake van ’n spanningslyn?
Tegniese versorging **__** **20**	• Is die teks taalversorg? • Spelling? • Is die opstel die regte lengte? • Dra die taal en styl by tot die leesbaarheid van die stuk?
Geheelindruk **__** **10**	• Toon die leerder helder denke? • Is daar ’n duidelike boodskap? • Word die stuk kreatief aangebied? • Is dit ’n geslaagde aanbieding?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ **_____**
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: PROSA – DIALOOG

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Inhoud **20**	• Is daar ’n duidelike tema? • Word daar gehou by die tema? Of word daar telkens afgedwaal? • Is die dialoog onderwerpgerig? • Word die inhoud logies opgebou, m.a.w. het dit ’n inleiding en slot?
Tegniese versorging **20**	• Is die teks taalversorg? • Spelling? • Is die dialoog die regte lengte? • Is die bibliografie of die verwysing na die koerante voldoende? • Het die dialoog ’n eenvoudige sinsbou, of is daar moeilike sinskonstruksies? • Is die onderhoud goed gestruktureer?
Geheelindruk **10**	• Toon die leerder helder denke? • Is daar ’n duidelike boodskap? • Word die dialoog kreatief aangebied en is dit lewendig? • Is dit ’n geslaagde aanbieding? • Is die dialoog ’n afgeronde geheel?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: PROSA – BESKRYWENDE PARAGRAAF

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Inhoud — **20**	• Is daar ’n duidelike tema? • Word daar gehou by die tema? Of word daar telkens afgedwaal? • Is die feite onderwerpgerig?
Tegniese versorging — **20**	• Is die teks taalversorg? • Spelling? • Het die paragraaf ’n hoofgedagte? • Is die paragraaf die regte lengte? • Word eenvoudige taal gebruik? • Is die beskrywende paragraaf die regte lengte? • Word die verwysing van die koerant korrek gegee? • Word net koerantfoto’s gebruik?
Geheelindruk — **10**	• Toon die leerder helder denke? • Is daar ’n duidelike boodskap? • Word die stuk kreatief aangebied? • Is dit ’n geslaagde aanbieding?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: PROSA – DAGBOEKINSKRYWINGS

Beoordelaar dui met 'n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Vertelinstansie — **10**	• Is die vertelinstansie in die eerste persoon? • Rig die verteller die persepsie van die leser?
Tyd en ruimte — **10**	• Is daar sinvolle plasing van tyd/ruimte? • Skep/ondersteun tyd en ruimte die verhaalatmosfeer? • Ondersteun die tyd en ruimte die gebeure/dagboekinskrywing? • Dra die tyd en ruimtebeelding by tot 'n sinvolle geheel van die dagboekinskrywings?
Elemente van dagboekinskrywing — **10**	• Is daar 'n persoonlike toon? • Is daar 'n intieme atmosfeer?
Gebeure — **10**	• Is die gebeure geloofwaardig en natuurlik? • Het die inskrywing 'n logiese verloop, m.a.w. is daar 'n narratiewe struktuur/verhaallyn? • Is daar wisselwerking tussen handeling en gebeurtenisse (oorsaak en gevolg)? • Dra die gebeure by tot 'n sinvolle geheel van die verhaal?
Tegniese versorging — **5**	• Is die teks taalversorg? • Spelling? • Dra taal en styl by tot die dagboek se leesbaarheid? • Is die taalgebruik nuut/opwindend/beeldryk? • Is die bibliografie voldoende?
Kreatiwiteit — **5**	• Is daar oorspronklike sinsbou, foutlose paragrafering, goeie struktuur? • Is die taal openbarend van die verteller?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**
Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: REISSTORIE

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Tema / Inhoud **__** **20**	• Waarheen is die reis in hierdie storie? • Is daar ’n vaste tema? • Dra die outeur kennis van die onderwerp/tema? • Is daar ’n oorspronklike invalshoek wat die storie uniek maak? • Voldoen die storie aan die drie elemente van kommunikasie: inligting, opvoeding en vermaak? • Voel die leser betrokke by die reis? • Is die feitlike elemente van waarde? • Is die storie die regte lengte?
Woordgebruik, verteltegniek, titel, dialoog en beeldspraak bv. metafore, personifikasie, vergelyking en simboliek **__** **20**	• Is daar vernuwende woordgebruik teenwoordig? Of is dit geyk/alledaags? • Dra die woordgebruik by tot die atmosfeer/toon van die storie? • Is daar te veel stopwoorde? • Indien dialoog voorkom, word dit korrek aangewend tot voordeel van die vertelling? • Is die titel gepas en funksioneel? Prikkel dit die leser om verder te lees? Verteenwoordig dit die res van die storie? • Indien enige beeldspraak voorkom, is dit funksioneel? • Is die verteltrant natuurlik?
Geheelindruk **__** **10**	• Die beoordelaar se eie oordeel word hier aan die dag gelê m.b.t. die storie se geheel.

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: POËSIE

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Klank/rym __ **10**	• Is die gedig in totaal welluidend? • Indien klanknabootsing voorkom, is dit funksioneel? • Word van assonansie/alliterasie gebruik gemaak? Is klankherhaling effektief? • Is die klank ondersteunend tot die geheel van die gedig? • Is die gedig “beweeglik”/nie staties nie? • Indien enige rym voorkom, is dit natuurlik? • Is daar rymdwang? Is dit funksioneel? • Dra die klank/ritme/rym by tot die atmosfeer/toon van die gedig?
Woordgebruik, verstegniek, titel, leestekens en beeldspraak bv. metafore, personifikasie, vergelyking en simboliek __ **20**	• Is daar vernuwende woordspeling teenwoordig of is die woordgebruik geyk/alledaags? • Dra die woordgebruik by tot die atmosfeer/toon van die gedig? • Is daar te veel verkleinwoorde? • Dra die woordspeling by tot die hooftema/onderwerp van die gedig? • Is die sinsbou funksioneel (kom daar inversie, enjambemente voor)? • Indien die gedig van ’n titel voorsien is, is die titel gepas en funksioneel of doen die titel afbreuk aan die gedig? • Word leestekens sinvol aangewend? • Indien enige beeldspraak voorkom, is dit funksioneel?
Tema (inhoud) __ **10**	• Is daar ’n vaste tema in die gedig? • Dra die outeur kennis van die onderwerp/tema? • Bepaal die inhoud die toon van die gedig? • Is die gediginhoud genoegsaam epies/liries/dramaties van aard?
Geheelindruk __ **10**	• Die beoordelaar se eie oordeel word hier aan die dag gelê m.b.t. die gedig se geheel.

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**
Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: VISUELE VOORSTELLING VAN TEKSTE
(Geen groepinskrywings nie.)

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
    - **Font: Arial**
    - **Lettergrootte: 12**
    - **Spasiëring: 1½**
- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- **NB! Visuele voorstelling se voorblad EN toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing aangeheg wees.
- **TWEE evalueringsvorms** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**

- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang 'n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

A) Visuele voorstelling van gedigte: Skilderkuns

- **Slegs skilderkuns met medium pastel of verf** word aanvaar. **GEEN** fotografie of ander medium word in die kategorie aanvaar nie!
- **Skildery mag nie kleiner wees as A4 of A3** nie!
- **Montering mag nie groter as A2 of A3** nie!
- **Geen** voorstellings wat **A5** is, word toegelaat nie!
- Indien inskrywings nie voldoen aan die voorgeskrewe grootte nie, sal dit gepenaliseer of gediskwalifiseer word.
- Identifiseer eers die volgende **drie eienskappe** in die gedig voordat die skilderkuns aangepak word, nl. **visueel**, **emosioneel** en **intellektueel**.
  Visueel: Die samestelling van die komposisie, kleur, materiaal, ens.
  Emosioneel: Watter emosie moet oorgedra word?
  Intellektueel: Wat is die boodskap wat oorgedra moet word? En hoe gaan dit in die skilderkuns oorgedra kan word?

B) Visuele voorstelling van gedigte: Tekenkuns

- **Slegs tekenkuns met medium potlood of houtskool**, m.a.w. monochroom, word aanvaar. **GEEN** fotografie of ander medium word in die kategorie aanvaar nie!
- **Tekening mag nie kleiner wees as A4 of A3** nie!
- **Montering mag nie groter as A2 of A3** nie!
- **Geen** voorstellings wat **A5** is, word toegelaat nie!
- **Tekeninge** moet op **swart of wit karton** gemonteer wees.
- Tekeninge in **houtskool of potlood** moet behoorlik **gefikseer** word.
- Tekeninge mag NIE gelamineer word NIE.
- Indien inskrywings nie voldoen aan die voorgeskrewe grootte nie, sal dit gepenaliseer of gediskwalifiseer word.
- Identifiseer eers die volgende **drie eienskappe** in die gedig voordat die skilderkuns aangepak word, nl. **visueel**, **emosioneel** en **intellektueel**.
  Visueel: Die samestelling van die komposisie, kleur, materiaal, ens.
  Emosioneel: Watter emosie moet oorgedra word?
  Intellektueel: Wat is die boodskap wat oorgedra moet word? En hoe gaan dit in die skilderkuns oorgedra kan word?

C) Visuele voorstelling van gedigte: Fotografie

- **Een foto of 'n reeks foto's** mag gebruik word om 'n interpretasie van die gedig uit te beeld. **Let wel:** Geen letterlike weergawe nie.
- **Merk** die reeks foto's baie duidelik.

- Indien ’n **reeks** gebruik word, moet elke foto op ’n **aparte bladsy** wees. Nie meer as **5 foto’s** mag in die reeks gebruik word nie.
- Die foto’s wat ’n reeks vorm, mag nie in ’n blaaiboek wees nie. Dit moet uitstalbaar wees.
- Foto’s moet **self geneem** wees. **GEEN internetfoto’s** word toegelaat nie.
- Die **datum en plek** waar die foto(’s) geneem is **EN** die **tipe kamera** wat gebruik is, moet aan die agterkant van die inskrywings geplak of geskryf wees.
- **Geen kleurfotostate of negatiewe van foto’s** word aanvaar nie. Maak kopieë van die foto’s om moontlike skade uit te skakel.
- Die voorstelling mag **nie groter as A3 en nie kleiner as A5** wees nie!
- Die foto’s moet gemonteer word op swart of wit karton.
- Die foto’s moet geblok wees, maar nie geraam of agter glas nie.
- Geen woorde mag op die foto’s geskryf wees nie.
- **Geen collage-voorstellings** word aanvaar nie.
- **Die foto(’s) mag nie gelamineer wees nie.**
- **Die foto(’s) mag digitaal gemanipuleer wees,** maar dan moet dit op die inskrywing aangedui word.
- **Onthou: hierdie kategorie is nie ’n fotoverhaal nie.**

Let wel: Die Afrikaans-Ekspo aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings van bogenoemde kategorieë wat as gevolg van vervoer / hantering beskadig of verlore raak nie.

2. OPDRAG

- Gebruik **EEN van die gegewe gedigte** (bl. 28-31).
- Die **gedig moet op die inskrywing geplak of aangeheg** wees, anders kan die inskrywing nie beoordeel word nie.
- **Behou** die **titel** van die gedig.
- **NB!** Die kunswerk wat geskep word, moet duidelik toon dat dit **deur die gedig geïnspireer** is en **nie uitgesoek is om by die gedig te pas nie**.
- Die inskrywing moet **gemonteer of versterk wees**; **geen rame of glas nie**.
- **Inskrywings wat nie gemonteer is nie, sal gediskwalifiseer word**.

Kies EEN van die onderstaande gedigte vir jou visuele voorstelling:

JUNIOR

Straatkindertjies (Chantelle Holder)

Gebroke
verlate
alleen
in die

strate

Grootoogkind
kleine lyfie
verslind

Moeg
kruip jy
weg
van die
duiwels
wat terg

net gom
en dagga
jou tjom

Goofed
rol jy nog
'n joint –
want wat
is tog die point.

Ek is oek important (Peter Snyders)

As al julle geldgatte
Julle geld gespendit
en julle julle bananaskille
innie slootjie gegooi het
en julle bustikits
soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
opgedrink het,
en julle borrels en blikkies
in 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
en vrot vrugte

en stukkene boksies
en papiere
r o n d g e g o o i h e t …

dan kom ek
en maakie wêreld weer skoon:
soe
ek is oek important.

SENIOR

"last grave at dimbaza" (Fanie Olivier)

beauty douglas was born
op 'n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is

die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maandae later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

Vroegherfs (N.P van Wyk Louw)

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

Kategoriesleutel:

77 : J – Skilderkuns
78 : S – Skilderkuns
79 : J – Tekenkuns
80 : S – Tekenkuns
81 : J – Fotografie
82 : S – Fotografie

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: VISUELE VOORSTELLING VAN TEKSTE – SKILDERKUNS

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Interpretasie __ **10**	• Is die geheelbeeld ’n gepaste voorstelling van die gekose teks of van ’n teksgedeelte? • Toon die visuele teks die leerder se vermoë om ’n nuwe teks te skep? • Literêre interpretasie teenoor ’n wyer, verdere en meer uitdagende interpretasie. • Intertekstualiteit en die intertekstuele gesprek.
Visuele elemente __ **10**	• Die gebruik van: lyn en vorm toonwaarde en/of kleurgebruik volume en ruimte tekstuur
Ontwerpbeginsels __ **10**	• Beweging, ritme en rigting • Skaal en die plasing van vorms • Kontras • Visuele gewig • Uitbeelding van fisiese gewig (van objekte, voorwerpe, ens.) • Spanning
Gekose media en styl __ **10**	• Tegniek • Hantering, gebruik en aanwending van media • Vaardigheid in media • Karakter van visuele teks (bv. kragtig, sensitief, ens.) • Gepastheid van styl t.o.v. gekose teks en visuele interpretasie • Geslaagdheid van styl t.o.v. gekose media
Aanbieding __ **10**	• Word voorgeskrewe riglyne gevolg (dimensies, hoogte en breedte)? • Netheid • Stewigheid • Afwerking en afronding

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**
Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.
Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: VISUELE VOORSTELLING VAN TEKSTE – TEKENKUNS

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Interpretasie **10**	• Is die geheelbeeld ’n gepaste voorstelling van die gekose teks of van ’n teksgedeelte? • Toon die visuele teks die leerder se vermoë om ’n nuwe teks te skep? • Literêre interpretasie teenoor ’n wyer, verdere en meer uitdagende interpretasie. • Intertekstualiteit en die intertekstuele gesprek.
Visuele elemente **10**	• Die gebruik van: lyn en vorm toonwaarde en/of kleurgebruik volume en ruimte tekstuur
Ontwerpbeginsels **10**	• Beweging, ritme en rigting • Skaal en die plasing van vorms • Kontras • Visuele gewig • Uitbeelding van fisiese gewig (van objekte, voorwerpe, ens.) • Spanning
Gekose media en styl **10**	• Tegniek • Hantering, gebruik en aanwending van media • Vaardigheid in media • Karakter van visuele teks (bv. kragtig, sensitief, ens.) • Gepastheid van styl t.o.v. gekose teks en visuele interpretasie • Geslaagdheid van styl t.o.v. gekose media
Aanbieding **10**	• Word voorgeskrewe riglyne gevolg (dimensies, hoogte en breedte)? • Formaat • Netheid • Stewigheid • Afwerking en afronding

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**
Kommentaar
_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: VISUELE VOORSTELLING VAN TEKSTE – FOTOGRAFIE

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Interpretasie **10**	• Is die geheelbeeld ’n gepaste voorstelling van die gekose teks of van ’n teksgedeelte? • Toon die visuele teks die leerder se vermoë om ’n nuwe teks te skep? • Literêre interpretasie teenoor ’n wyer, verdere en meer uitdagende interpretasie. • Intertekstualiteit en die intertekstuele gesprek.
Visuele elemente **10**	• Die gebruik van: lyn en vorm toonwaarde en/of kleurgebruik volume en ruimte tekstuur
Ontwerpbeginsels **10**	• Beweging, ritme en rigting • Skaal en die plasing van vorms • Kontras • Visuele gewig • Uitbeelding van fisiese gewig (van objekte, voorwerpe ens) • Spanning
Gekose media en styl **10**	• Tegniek van kamera • Vaardigheid in fotografie • Karakter van visuele teks (bv. kragtig, sensitief, ens.) • Gepastheid van styl t.o.v. gekose teks en visuele interpretasie
Aanbieding **10**	• Word voorgeskrewe riglyne gevolg (dimensies, hoogte en breedte)? • Netheid • Stewigheid • Afwerking en afronding

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**
Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: LITERÊRE VERTALING

(Individuele of groepinskrywings met maksimum van 2 leerders.)
(Beoordeling word slegs op nasionale vlak gedoen.)

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- ’n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- ’n Leerder mag **as individu sowel as lid van ’n groep** deelneem.
- Let op die **maksimum hoeveelheid leerders** wat in ’n **groep** in hierdie **kategorie** mag wees.
- By **groepinskrywings** moet elke lid sy/haar afsonderlike bydrae **skriftelik** aan die einde van die opdrag aandui.
- ’n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- **Alle inskrywings kan oorweeg word vir opname in publikasies** – met erkenning van outeurskap. Indien ’n uitgewer hierby betrokke sou raak, bestaan die moontlikheid van finansiële erkenning aan die outeur.
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van ’n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
    - **Font: Arial**

- **Lettergrootte: 12**
- **Spasiëring: 1½**

- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **name van al die leerders in 'n groep** moet op die **voorblad** ingevul wees.
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- **Beoordeling word slegs op nasionale vlak gedoen.**
- **EEN evalueringsvorm** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang 'n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.
- **Geen plastieksakkies word toegelaat nie!**

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- Alle werk moet **oorspronklik** van aard wees. Werk in die **brontaal** sowel as vertalings in die **doeltaal**.
- Onder **oorspronklik** word verstaan dat beide (bron- en doeltaal) oorspronklike werk **EN** vertalings deur **dieselfde** outeur/groep moet wees.
- **Reeds gepubliseerde werk en/of vertalings** van enige ander outeur/vertaler sal **nie oorweeg word nie.**
- **Hervertalings** van bestaande vertalings **is nie aanvaarbaar nie**.
- **Gedigte** en **kortverhale** kan ingeskryf word.
- Die voorleggings word in sy **geheel** beoordeel, waar die klem veral op die gehalte van die betrokke vertaling val.
- Oorspronklike werk (gedigte en/of kortverhale) kan in enige van die elf landstale geskryf word en vertalings hiervan kan ook in enige van die elf landstale gedoen word, met voorbehoud dat die brontaal en/of die doeltaal **Afrikaans** moet wees (sien volgende punt).
- **NB**: Die brontaal (die taal waarin die oorspronklike gedig/kortverhaal geskryf is) EN/OF die doeltaal (die taal waarin die oorspronklike gedig/kortverhaal vertaal word) moet in **<u>Afrikaans</u>** wees. Werke wat byvoorbeeld in isiZulu geskryf is, kan nie vertaal word na byvoorbeeld isiXhosa of Engels nie, aangesien die brontaal en/of die doeltaal Afrikaans moet wees.
- Die volgende is moontlikhede wat aanvaar sal word:

Oorspronklike werk	(gedig/verhaal)	**Vertalings**
Afrikaans		Engels, IsiXhosa, IsiZulu IsiNdebele, Setswana, Sepedi, Sesotho Tshivenda, Xitsonga, SiSwati
	OF	
Engels, IsiXhosa, IsiZulu, IsiNdebele Setswana, Sepedi, Sesotho, Tshivenda, Xitsonga, SiSwati		**Afrikaans**

2. OPDRAG

Skryf ’n gedig of kortverhaal in die brontaal, en vertaal dit dan in die doeltaal.

Aanbevole bronne:

Voorbeelde van literêre vertalings kan in die onderstaande publikasies bestudeer word.

- Mokitimi, M.I.P. , Lenake, M. & Swanepoel, C. 2004. *Swerfsange: Liedere van Basotho-mynwerkers*. Pretoria: JL van Schaik.
- Die werk van Ingrid Jonker is ook vertaal. Vergelyk bietjie haar *Versamelde werke* met *Collected poems.* Gaan na jou biblioteek om meer uit te vind oor watter tekste in Afrikaans vertaal is.
- Gaan kyk ook na die werk van Charl Pierre Naudé.

Beginsels:

1) Literêre vertalings **verskil** van konvensionele vertalings deurdat eersgenoemde nie noodwendig ’n letterlike woord-vir-woord-vertaling is van die oorspronklike nie.
2) Die literêre vertaler moet so ver moontlik die **atmosfeer**, **toonaard** en **ritme** van die oorspronklike gedig of kortverhaal behou.
3) Literêre vertaling is ’n **hoogs kreatiewe proses**, wat veroorsaak dat die literêre vertaler elke woord baie noukeurig moet meet en pas.
4) Die literêre vertaler moet oor ’n **uitstekende taalaanvoeling** beskik.
5) Die literêre vertaler is ’n **bittereinder** en sal alles in sy/haar vermoë doen om sy/haar vertalings nou by die oorspronklike te laat aanpas. Dit is noodsaaklik dat die literêre vertaler van **woordeboeke** gebruik moet maak ten einde moontlikhede sinvol met mekaar te versoen.
6) Dit is belangrik dat die literêre vertaler **kennis sal dra** van **kultureel-gebonde taalgebruik**.

Kategoriesleutel vir subkategorieë

83 : J – Literêre vertaling
84 : S – Literêre vertaling
85 : JG – Literêre vertaling
86 : SG – Literêre vertaling

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: LITERÊRE VERTALING

LET WEL: Hierdie kategorie word slegs nasionaal beoordeel.

Literêre kwaliteit van oorspronklike teks (in die brontaal) wat vertaal word.	
Kwaliteit van vertaling (in die doeltaal) **25**	• Word die oorspronklike atmosfeer, toonaard en segging behou? • Getuig die vertaling van kreatiewe taalaanvoeling? • Is daar sprake van kreatiewe keuses wat gemaak moes word? • Wat is die moeilikheidsgraad van die vertaling? • Was die vertaler bedag op kultuurspesifieke aspekte?
Tegniese versorging **25**	• Getuig beide tekste in die brontaal en doeltaal van goeie taalversorging? • Spelling?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: REDENAARSKOMPETISIE

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- ’n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- ’n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **Moedertaalsprekers** van Afrikaans **MAG NIE** aan die Kategorie: Redenaars deelneem **NIE**!
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van ’n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
    - **Font: Arial**
    - **Lettergrootte: 12**
    - **Spasiëring: 1½**
- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- **TWEE evalueringsvorms** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**

- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang ’n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.
- **Geen plastieksakkies word toegelaat nie!**

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- Oorredingstoespraak van ongeveer **3 minute** waarin die spreker die gehoor t.o.v. ’n bepaalde argument moet oortuig.
- Minstens **drie redes** hoekom jy so sê (navorsing).
- **Gevolgtrekking**: Samevatting en finale oortuiging (1 minuut).

Onderwerpe:

- Afrikaanse kultuur is deel van Afrikakultuur.
- Lees is die deur na vryheid.
- Ek sou kon doen met ’n miljoen.

Kategoriesleutel:

87 : J – Redenaars

88 : S – Redenaars

Leerder se naam:
_____
Skool: _____
Graad: _____

%

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: REDENAARS

Beoordelaar dui met 'n kruisie aan:

Provinsiale beoordeling	**Nasionale beoordeling**
Aanbieding **50**	• Selfvertroue • Gesiguitdrukking: Spreek van genot, energie en doelgerigte oortuiging. • Stemgebruik en woordvlotheid: Wisselende volume, wisselende infleksies. • Chronologiese aanbieding • Tempo: Wisseling. • Handgebare: Gemotiveerd en ondersteun die gesproke woord. • Notahantering en oogkontak • Eie opinie • Natuurlike geselstrant: Humor, genot en energie. • Algemene voorkoms
Inhoud **50**	• Inleiding: Kreatief, skeppend. • Bronnavorsing: Gesaghebbende voorbeelde, statistieke, voorbeelde uit eie leefwêreld. • Oortuigingsvermoë • Onderwerpgerigtheid: Sluit aan by Inhoud en argumente. • Logiese redenering • Aard van Inhoud: Ouderdomsgerig. • Struktuur: Logiese ordening van Inhoud. • Standpunte: Duidelik geformuleer en beredeneer. • Skeppende kreatiewe taalgebruik • Slot: Gepaste samevatting

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

_____ _____

Beoordelaar se handtekening **Datum**

KATEGORIE: KOERANTPLAKBOEKE
(Geen groepinskrywings nie.)

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- **Geen groepinskrywings** word in dié kategorie aanvaar nie.
- **Leerders kan óf *Beeld,* óf *Die Burger* óf *Volksblad* ('n minimum van 4 uitgawes) vir die samestelling van die koerantplakboek gebruik.**
- **Slegs EEN koerant (bv. *Die Burger*) mag per plakboek gebruik word.**
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- **Twee evalueringsvorms** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.

- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang ’n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- Voorskrifte van die subkategorieë moet goed gelees en **behoorlik uitgevoer** word.
- Leerders kies slegs **een subkategorie** per plakboek.
- Daar word **onderskei tussen Junior en Senior** leerders.
- Die koerantplakboek moet **interessant** aangebied word.
- Die koerantplakboek mag **nie groter as A4** wees nie. Enigiets groter sal gepenaliseer word.
- **Oorspronklike koerantberigte/foto’s** moet gebruik word – **geen fotostate of internetartikels mag gebruik word nie!**
- Verskillende uitgawes van slegs **een koerant** mag gebruik word vir ’n plakboek, m.a.w. óf *Beeld* óf *Volksblad* óf *Die Burger*. Nie bv. *Beeld* en *Volksblad* nie.
- **Geen tydskrifte** mag gebruik word nie.
- Die plakboek kan ’n **deurlopende tema** hê, bv. diere, die Bybel.
- Die koerantplakboek moet **netjies versorg** wees.
- Gee ’n **volledige bibliografie** van die koerantuitgawes, boeke en woordeboeke wat jy gebruik het. (Sien bl. 6).

Let wel: Maak seker dat die korrekte kategoriesleutel op die Leerdersinskrywingsvorm ingevul word. (Sien bl. 45).

Onderwerpe (geen negatiewe temas mag gekies word nie):

- Goeie, interessante of vermaaklike nuus.
- Kuns en kultuur, bv. Afrikaanse Letterkunde, Afrikaanse Musiek, ens.

2. OPDRAGTE

BESKRYWING VAN KOERANTFOTO’S
(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-12.)

Opdrag:

- Knip ten minste **20 prente** uit óf *Beeld* óf *Volksblad* óf *Die Burger* **met onderskrifte** en plak dit in jou koerantplakboek.
- Skryf nou jou **eie onderskrif** vir hierdie prente.
- Die onderskrifte moet **kort, kragtig en oorspronklik** wees. Nie meer as 25 woorde mag gebruik word nie.
- Die **titel** van jou plakboek moet **interessant** wees. Skep jou **eie titel** wat die leser sal prikkel.
- Gebruik **een nuwe, onbekende woord** in elke onderskrif.
- Gee die **korrekte verklaring(s)** daarvoor. Raadpleeg ’n erkende woordeboek daarvoor en gee ’n volledige bibliografie. (Sien bl. 6.)

IDIOME
(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-12.)

Graad 8-9 doen slegs Opdrag B met 20 prente.
Graad 10-12 moet Opdrag A en Opdrag B doen.

Opdrag A:
- Knip **minstens 10 idiome/idiomatiese uitdrukkings** (bv. *skoonskip maak*) uit óf *Beeld* óf *Volksblad* óf *Die Burger* en plak dit in die koerantplakboek.
- Gee die **betekenis** van die idiome/idiomatiese uitdrukkings. Raadpleeg ’n erkende woordeboek daarvoor en gee ’n volledige bibliografie. (Sien bl. 6.)
- Knip nou **prente uit die koerante** wat die idiome/idiomatiese uitdrukkings se betekenis die beste uitbeeld. **Onthou die prent moet pas by die betekenis van die idioom en nie by die idioom self nie.**
- Doen **navorsing oor 2** van hierdie idiome/idiomatiese uitdrukkings, dui die **herkoms** aan en ook in **watter streke** dit veral voorkom.

EN

Opdrag B:
- Knip **minstens 10 prente** uit óf *Beeld*, óf *Volksblad* óf *Die Burger* waarby jy ’n passende idioom/idiomatiese uitdrukking kan gee, en plak dit in die koerantplakboek.
- **Skep/vind/pas enige idioom/idiomatiese uitdrukking by die bepaalde foto**. Dit hoef nie in die koerant te wees nie. Hiervoor kan ’n woordeboek gebruik word. Gee ’n **volledige bibliografie** van boek/e wat gebruik is. (Kyk bl. 5.)
- Gee die **betekenis** van die idiome/idiomatiese uitdrukkings. Raadpleeg ’n woordeboek. **Onthou, die prent moet pas by die idioom/idiomatiese uitdrukking se betekenis en nie by die idioom self nie**.
- Die **titel** van jou plakboek moet **interessant** wees. Skep jou **eie titel** wat die leser sal prikkel.
- Doen **navorsing oor 2** van hierdie idiome/idiomatiese uitdrukkings, dui die **herkoms** aan en ook in **watter streke** dit veral voorkom.

STRAATPLAKKATE
(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-12.)

Opdrag:
- Kies **minstens 20 treffende berigte** uit óf *Beeld*, óf *Volksblad* óf *Die Burger* en plak dit in die koerantplakboek.
- Ontwerp ’n **straatplakkaat** van elke berig om lesers se nuuskierigheid te prikkel. (Onthou, ’n koerant-straatplakkaat het nie prente by nie.)
- Moet nie die **berig se opskrif** verbatim (woordeliks) in jou straatplakkaat herhaal nie.
- Skep jou eie titel wat die leser sal prikkel. Die **titel** van jou plakboek moet **interessant** wees.

Hou die volgende in gedagte:

- **Woordekonomie** en **duidelikheid** is hier van belang.

Kategoriesleutel:

89 : J – Koerantfoto's
90 : S – Koerantfoto's
91 : J – Idiome
92 : S – Idiome
93 : J – Straatplakkate
94 : S – Straatplakkate

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: KOERANTPLAKBOEK – BESKRYWING VAN KOERANTFOTO'S
(Hierdie subkategorie is vir leerders van Graad 8-12.)

Beoordelaar dui met 'n kruisie aan:

Provinsiale beoordeling	**Nasionale beoordeling**
Oorspronklikheid en kreatiwiteit ___ **10**	• Is die byskrifte by die foto's kort, kragtig en oorspronklik? • Word die plakboek kreatief aangebied? • Het die plakboek 'n toepaslike en interessante titel?
Keuse van materiaal ___ **10**	• Is 'n goeie en selektiewe keuse gemaak? • Indien die plakboek 'n tema het, word daar by die tema gehou?
Bronhantering ___ **5**	• Word die bron/ne reg hanteer? • Word genoegsame erkenning aan die stof uit die onderskeie koerante gegee? • Word slegs 1 koerant (bv. net *Beeld*) gebruik?
Eie bydrae ___ **20**	• Word interessante woordeskat en taalgebruik gebruik? • Is die aanbieding treffend? • Vorm die foto en die onderskrif 'n eenheid? • Is die onderskrifte kort en kragtig of langdradig?
Tegniese versorging ___ **5**	• Is die plakboek netjies versorg? • Is die plakboek die regte formaat? • Is die byskrifte taalversorg? • Spelling?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: KOERANTPLAKBOEK – IDIOME
(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-12.)

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

.

Oorspronklikheid en kreatiwiteit **10**	• Is die idiome oorspronklik en nuut? • Word die plakboek kreatief aangebied
Keuse van materiaal **10**	• Is ’n goeie en selektiewe keuse gemaak? • Indien die plakboek ’n tema het, word daar by die tema gehou?
Bronhantering **5**	• Word die bron/ne reg hanteer? • Word genoegsame erkenning aan die stof uit die onderskeie koerante gegee? • Word slegs 1 koerant (bv. net *Beeld*) gebruik? • Is daar ’n bibliografie van boeke wat vir die verklarings gebruik is?
Eie bydrae **20**	• Word interessante woordeskat en taalgebruik gebruik? • Is die aanbieding (m.a.w. die idiome) treffend? • Is slegs bekende idiome gebruik, of is daar ook onbekende idiome? • Is die verklarings korrek? • Is daar ’n verklaring by elke idioom?
Tegniese versorging **5**	• Is die plakboek netjies versorg? • Is die plakboek die regte formaat? • Spelling? • Het die plakboek ’n toepaslike titel?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**
Kommentaar

_____
Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: KOERANTPLAKBOEK – STRAATPLAKKATE
(Hierdie subkategorie is vir leerders van graad 8-9.)

Beoordelaar dui met ’n kruisie aan:
Provinsiale beoordeling **Nasionale beoordeling**

Oorspronklikheid en kreatiwiteit **10**	• Is die straatplakkate oorspronklik? • Word die plakboek kreatief aangebied? • Het die plakboek ’n toepaslike en interessante titel?
Keuse van materiaal **10**	• Is ’n goeie en selektiewe keuse gemaak? • Indien die plakboek ’n tema het, word daar by die tema gehou?
Bronhantering **5**	• Word die bron/ne reg hanteer? • Word genoegsame erkenning aan die stof uit die onderskeie koerante gegee? • Word slegs 1 koerant (bv. net *Beeld*) gebruik?
Eie bydrae **20**	• Word interessante woordeskat en taalgebruik gebruik? • Is dit interessante berigte wat tot mens spreek? • Is die aanbieding treffend? • Is die straatplakkate woordekonomies? • Is die straatplakkate die regte formaat?
Tegniese versorging **5**	• Is die plakboek die regte formaat? • Is die plakboek netjies versorg? • Spelling?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar
_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: MEDIA – TYDSKRIFTE EN KOERANTE

(Individuele- of groepinskrywings met maksimum van 5 leerders.)
(Hierdie kategorie is slegs vir leerders van graad 10-12.)
(Beoordeling word slegs op nasionale vlak gedoen.)

'n Leerder / of 'n groep leerders saam kan 'n tydskrif of 'n koerant beplan en ontwerp wat aan sekere vereistes voldoen wat by die huidige kurrikulum aanpas.

Die doel van hierdie kategorie is dat die onderwyser kyk wat hy in sy makrobeplanning vir 2012 gaan gebruik en dan sy / haar eie inisiatief moet gebruik om die leerders te lei tot kreatiewe denke en taalgebruik tydens die skryf- en aanbiedperiodes.

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.** (Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- 'n Leerder mag **as individu sowel as lid van 'n groep** deelneem.
- Let op die **maksimum hoeveelheid leerders** wat in 'n **groep** in hierdie **kategorie** mag wees.
- By **groepinskrywings** moet elke lid sy/haar afsonderlike bydrae **skriftelik** aan die einde van die opdrag aandui.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**

- **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van ’n inskrywing:

- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **name van al die leerders in ’n groep** moet op die **voorblad** ingevul wees.
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- **Beoordeling word slegs op nasionale vlak gedoen**.
- **EEN evalueringsvorm** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang ’n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- **Grootte: A4-formaat** – Wees *funky*, visueel, kreatief en oorspronklik!
- Die tydskrif of koerant moet **20 bladsye** hê.
- Alle **geskrewe/getikte tekste** moet voorsien word van die **joernalis/skrywer se naam en graad.**
- **Bronerkenning** moet duidelik aangetoon word indien daar van enige ander media gebruik gemaak word. (Sien bl. 6.)
- Dui die **getal woorde** onder elke inskrywing aan.
- Die tydskrif of koerant moet **’n kreatiewe titel** hê.
- **Inhoudsopgawe** moet volledig opgestel word.
- Bladsye moet **genommer** wees.
- Daar moet ’n **redaksiespan** wees. **Dui aan wat elke redaksielid se werk was.**
- Maak seker wie jou **teikenmark** is met die koerant of die tydskrif wat jy/julle gaan doen.
- Die **koerant/tydskrif mag saamgestel en uitgelê word op ’n rekenaar** en dan uitgedruk word.
- **Afronding moet puik wees** sodat enige potensiële koper die tydskrif of koerant sal wil koop.
- **Die hoeveelheid skryfstukke per koerant of tydskrif mag nie meer as 10 wees nie (5 lank en 5 kort), dit mag wel minder wees**.
- Leerders moet elke skryfstuk nommer, bv. **Lang skryfstukke**: 1L (1 lank), 2L (2 lank) en **Kort skryfstukke**: 1K, 2K, ens. omdat dit daarvolgens geassesseer word.

2. OPDRAG

- Stel ’n koerant of tydskrif saam waarin die teikenmark duidelik na vore kom in die tydskrif/koerant.

Ten minste **twee kreatiewe tekste**, **twee langer transaksionele tekste** en **een korter transaksionele teks** van die volgende voorgeskrewe kreatiewe en transaksionele tekste MOET in die koerant / tydskrif gebruik word. Die maksimum woordvereistes word in elke blok aangedui soos voorgeskryf.

***KREATIEWE TEKSTE:**
Opstelle:
GRAAD 10 [150-200W] / GRAAD 11 [200-250W] / GRAAD 12 [250-300W]
Verhalend
Beskrywend
Feitelik
Respons op letterkunde

***TRANSAKSIONELE TEKSTE:**	**Korter transaksionele tekste:**
Langer transaksionele tekste:	**GRAAD 10/11/12 = [80-100W]**
GRAAD 10/11/12 = [120-150W]	Dagboekinskrywings
Brosjures	Advertensies
Pamflette	
Dialoë	
Geskrewe onderhoude	
Tydskrifartikels en kolominskrywings	
Koerantartikels en kolominskrywings	
Resensies	
Toesprake: Formeel en informeel	
Verslaggewing: Formeel en informeel	
Formele en informele briewe aan die pers	

VOORBEELDE VAN KREATIEWE- EN TRANSAKSIONELE TEKSTE IN KOERANTE EN TYDSKRIFTE

- ☞ ’n Kort-kortverhaal
- ☞ ’n Informele essay
- ☞ Respons op letterkunde van ’n drama / roman / kortverhaal / poësie wat in die klas behandel is
- ☞ Navorsinggebaseerde opstel oor ’n Afrikaanse digter / skrywer / sanger
- ☞ ’n Onderhoud met ’n Afrikaanse digter / skrywer / sanger
- ☞ ’n Resensie oor ’n filmstudie, radiodrama, televisiedrama wat in die klas behandel is
- ☞ ’n Koerantartikel / Tydskrifartikel oor een van die volgende onderwerpe bv:
  - wapens in skole
  - selfone is ’n néé-néé in skole ens.
- ☞ Formele- / informele verslaggewing oor ’n sport- / kultuur- / akademiese gebeurtenis by die betrokke skool van die leerder/s
- ☞ ’n Advertensie om die Afrikaans-Ekspo te bemark
- ☞ Enige ander nuwe en unieke advertensie in Afrikaans

- ☞ ’n Dagboekinskrywing van een persoon oor hoe die Afrikaanse koerant / tydskrif saamgestel is deur die betrokke groep of self
- ☞ Formele en informele briewe aan die pers
- ☞ Kreatiewe brosjure om ’n nuwe en unieke produk te bemark – maar moet op ’n manier geheg wees aan koerant of tydskrif sodat dit nie los raak nie.

Wenke vir media:

Die inhoud van artikels bepaal altyd die uitleg en ontwerp. Teks en grafiese materiaal is die belangrikste elemente wat in bladuitleg gebruik word om inligting aan die leser te verskaf.

Basiese beginsels
Kontras en balans: Verskillende puntgroottes, fonte, style, kleur en grafiese elemente.
Inlynstelling: Kies een tipe inlynstelling vir die teks en gebruik dit deurgaans soos linksinlyn of volinlyn. Koppe kan linksinlyn, regsinlyn of gesentreer word.
Herhaling: Skep ’n gevoel van eenheid deur spesifieke grafiese elemente deurgaans te herhaal soos ’n “Drop Cap”.
Groepering: Groepeer teks en grafika wat bymekaar hoort.

Teks
Leesbaarheid moet altyd nagestreef word.
Teks van artikels: Kies ’n font soos Arial wat eenvoudig en duidelik is. Die teks is altyd kleiner as die kop, 10 of 11 pt *medium/normaal* werk goed. Moet nie bo-kas (Caps) gebruik nie. Dit laat dit lyk asof geskree word.
Koppe van artikels moet kort en kragtig wees. Gebruik ’n groter punt en vetdruk om die kop te laat uitstaan. Varieer met onder- en bo-kas (caps) om impak te maak. Vermy lang koppe . Moet nie twee of meer koppe van dieselfde puntgrootte reg langs mekaar plaas nie. ’n Ander, interessante font kan vir koppe gebruik word afhangende van die inhoud van die artikel. Gebruik net twee of drie verskillende fonte vir koppe.
Prikkels in die teks beklemtoon begrippe en behou die leser se aandag. Dit help ook om die uitleg visueel aantreklik te maak.
Kolpunte skep variasie en behou die leser se aandag.

Grafiese elemente.
Grafika moet toepaslik wees. Foto’s moet natuurlik en aksiebelaai wees. Kies foto’s wat skerp (in fokus) is. Mense moet verkieslik in die rigting van die leser kyk. Mense se agterkoppe moet vermy word. Sluit grafika soos kaarte, illustrasies en strokiesprentjies in. ’n Foto van detail van ’n objek dra ook by tot drama en interessantheid.

Uitleg
Bewerkstellig kontinuïteit deur dieselfde styl en grafiese elemente vir elke uitgawe te gebruik. Ontwerp ’n styl en raamwerk vir jou bladsy-uitleg wat deurgaans gebruik word soos kantlyne en kolomme en die posisie waar die bladsynommers en bladsy-opskrif of bladsy-onderskrif moet wees.

Voorblad
Die voorblad moet treffend wees en die belangrikste inligting en prikkels bevat.

Kategoriesleutel:

95 : SG – Media: Koerant

96 : SG – Media: Tydskrif

AFRIKAANS EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: TYDSKRIFTE EN KOERANTE

LET WEL: Hierdie kategorie word slegs nasionaal beoordeel. Die onderstaande riglyne kan gebruik word:

A	ASSESSERINGSKRITERIA
TYDSKRIF / KOERANTUITLEG	Is die voorkoms van die tydskrif/koerantaanbieding ***funky,*** **visueel, kreatief en oorspronklik**?
	Word die tydskrif/koerant **uniek** aangebied?
	Pas die **teikenmark** by die inhoud van die tydskrif/koerant?
	Word die **bron/ne** reg hanteer?
	Word daar genoegsame **erkenning** aan die stof uit die onderskeie bronne ontleen, gegee?
	Staan die **joernalis/skrywer se naam** en **graad** aan die onderkant van **elke** teks?
	Het die tydskrif/koerant 'n **toepaslike en kreatiewe titel**?
	Is die tydskrif/koerant die **toepaslike grootte A3 /A4**?
	Het die koerant/tydskrif 'n **inhoudsopgawe**?
	Is die **getal woorde** aangedui aan die onderkant van die teks?
	Is die **bladsye** genommer?
	Is die **redaksiespan** aangedui?
	Is die **afronding** van 'n hoogstaande gehalte?
	Is die font wat gebruik is **Arial 12** en die **spasiëring 1½**?
	TOTAAL /50

B	ASSESSERINGSKRITERIA
LANG SKRYFSTUKKE [Maksimum 5)	Deeglike beplanning Effektiewe inleiding en afsluiting
	Hantering van onderwerp dui op oorspronklikheid
	Goeie paragrafering Logiese en effektiewe verbinders tussen paragrawe gebruik Hantering van onderwerp dui op oorspronklikheid
	Register vaardig gebruik Goeie gebruik van toon versterk skryfstuk Doel van skryfstuk ten volle bereik
	Uitstekende gebruik van woordeskat, korrekte sinskonstruksie, spelling en leestekengebruik Hoofsaaklik korrekte taalgebruik
	Herformulering en redigering het 'n goeie skryfstuk gelewer Proeflees het foute uitgeskakel
KORT SKRYFSTUKKE	Hanteer onderwerp uiters oorspronklik Bly volkome by formaat Korrekte lengte
	Bly volkome by onderwerp Bereik doel suksesvol
	Volkome toepaslike struktuur en toon Variasie van sinstipes Uitstekende gebruik van woordeskat, korrekte sinskonstruksie, spelling- en leestekengebruik
	TOTAAL /50

Totaal A+B=_____% **/100**

_____ _____

Beoordelaar se handtekening **Datum**

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.
Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: ANIMASIEFILM

(Slegs groepinskrywings: Tot 5 leerders)

*Onder **Animasie** word die volgende verstaan:*
'n Video of film wat raampie vir raampie gemaak word: m.a.w. wanneer, met projeksie van die film, die illusie van beweging geskep word deur die snelle opeenvolging van individuele stil beelde.

Rekenaaranimasie word nie in hierdie kategorie ingesluit nie.

Indien 'n leerder hom/haar skuldig maak aan plagiaat deur idees te gebruik wat nie oorspronklike of eie werk is nie, kan so 'n persoon gediskwalifiseer word.

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is. (**Sien bl. 3 vir inskrywingsgeld.)
- 'n Leerder mag **as individu sowel as lid van 'n groep** deelneem.
- Let op die **maksimum hoeveelheid leerders** wat in 'n **groep** in hierdie **kategorie** moet wees.
- By **groepinskrywings** moet elke lid sy/haar afsonderlike bydrae **skriftelik** aan die einde van die opdrag aandui.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie

- **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
- **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van ’n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Arial**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
- **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
- Die **name van al die leerders in ’n groep** moet op die **voorblad** ingevul wees.
- Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
- **Beoordeling word slegs op nasionale vlak gedoen**.
- **EEN evalueringsvorm** word aan elke inskrywing geheg.
- **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
- **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
- Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
- Elke skool ontvang ’n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.
- Gebruik **toeknipsakkies**.

1.3 Spesifieke voorskrifte:

- Die animasie moet, ongeag die medium wat gebruik word, met **’n digitale** stilkamera verfilm word en as **’n reeks stilfoto’s** voorgelê word.
- Die inskrywings vir **Animasie** moet voorgelê word as ’n opeenvolgende reeks digitale foto’s op ’n CD of data-DVD. Indien die animasiefilm ’n klankbaan het, mag dit in so ’n geval apart op CD ingehandig word, en sal in ’n redigeringsprogram by die film gevoeg word.
- Die animasie mag **nie langer as 60 (720 raampies) sekondes en nie korter as 30 sekondes (360 raampies)** wees nie. Leerders moet werk met ’n ratio van 12 raampies per sekonde, m.a.w. vir elke sekonde van jou animasie moet daar 12 foto’s wees.
- Enige vorm van animasie mag gebruik word: Klei-animasie, handgetekende animasie, animasie van objekte, ensovoorts. Rekenaaranimasie word nie aanvaar nie.
- ’n **Draaiboek** is nie verpligtend nie, maar word sterk aanbeveel.

Wenke vir animasie:

- Enige digitale stilkamera kan gebruik word. **MOENIE JOU ANIMASIE MET ’N VIDEOKAMERA VERFILM NIE, AL HET DIE KAMERA ’N STIL- OF ANIMASIEFUNKSIE.**
- Die kamera moet vir die volle duur van verfilming op presies dieselfde plek, in dieselfde posisie staan. Monteer die kamera op ’n driepoot, of plak dit aan die tafel vas sodat jy seker is dat dit nie sal beweeg terwyl jy skiet nie.
- Maak ’n **storiebord** voor jy begin. ’n Storiebord is ’n visuele opsomming van jou film. In ’n storiebord moet elke sleutelraampie van jou storie uitgebeeld word, m.a.w. elke raampie waar ’n

groot verandering plaasvind, soos as jou kamerahoek verander, of as jy sny van een toneel na ’n volgende.

- Om ’n suksesvolle film te maak, moet jy jou storie so goed as moontlik vertel, en daarvoor gebruik mens verskillende **filmtegnieke** en **filmbeginsels** soos kamerahoeke, nabyskote vs wyeskote, redigering, ens.
- Maak seker dat jy jou animasie goed beplan, sodat jy **binne die tydsbeperking** bly. Laat ook genoeg tyd vir die animasieproses: Indien jou film 30 sekondes lank is, moet jy 360 prentjies teken. Dit vat tyd.
- Indien **animasiepoppe** gebruik word, moet dit verkieslik beweeglike poppe wees, m.a.w. poppe wat dalk ten minste ’n ledemaat of twee kan beweeg.
- Die foto’s moet **chronologies** op mekaar volg.
- Vra om hulp by Charles (charles@fopspeen.co.za) of Diek (diek@fopspeen.co.za) vir meer inligting.

2. OPDRAG

Juniors en Seniors

- Beeld een van die volgende Afrikaanse idiome uit:
  “Van die hand na die mond, val die pap op die grond”
  “Hard met die grond kennis gemaak”
  “Die aap uit die mou laat”

Wenke met die opdrag:

- **Ontwikkel** die **storiepotensiaal** van die idioom.
- **Dink lateraal**: Moenie die idioom letterlik uitbeeld nie – in plaas van om “Hoe meer haas, hoe minder spoed” uit te beeld as ’n ou wat bv. so vinnig probeer ry dat hy net staan en spin op een plek, maak die pad vol hase sodat hy nie vinnig KAN ry nie.
- ’n **Filmmaker** moet ten minste die volgende **vaardighede** tot sy beskikking hê: ’n draaiboekskrywer, ’n ontwerper/tekenaar/beeldhouer, ’n kameraman, ’n beligtings-tegnikus, ’n klankontwerper, akteurs. In die groep moet daar iemand wees om elkeen van hierdie rolle te vervul.

Kategoriesleutel

97 : J – Animasie
98 : S – Animasie
99 : JG – Animasie
100 : SG – Animasie

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: ANIMASIEFILM

LET WEL: Hierdie kategorie word slegs nasionaal beoordeel.

Tegniese afronding **10**	• Is die film aangebied in die voorgeskrewe formaat? • Kwaliteit van beeldmateriaal – is die foto's duidelik, in fokus? Kamerastabiliteit? Beligting?
Ontwerp **20**	• Pas die gekose styl en medium by die konsep? • Tegnies ontwerpvaardigheid: Hoe goed is die animasie geteken/ hoe goed is die beeldhouvaardigheid? • Animasievaardigheid: Hoe goed word beweging uitgebeeld in die film?
Filmtegniek **20**	• Draaiboek: Hoe goed is die storie ontwikkel? • Word tyd, ruimte, gebeure en karakters in die verhaal effektief hanteer? • Redigering: Word kamerahoeke, toneelverwisselings, tydsberekening, ens. effektief hanteer?

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____

Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar

_____

Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

KATEGORIE: JIP-RUBRIEK

(Geen groepinskrywings by hierdie kategorie nie.)

Waarom ’n rubriek?
’n Rubriek het gewoonlik ’n persoonlike aanslag en bied aan jou die geleentheid om te sê wat jý van iets dink. ’n Rubriekskrywer is iemand wat régtig iets het om te sê. Hy of sy moet verkieslik op ’n vars, nuwe manier na ’n ou onderwerp kan kyk.

1. VOORSKRIFTE

1.1 Algemene voorskrifte:

- ’n Leerder mag in **een of meer** kategorieë deelneem. Kyk punt 2 hierna vir inskrywingsgeld. **Die inskrywingsgeld geskied eenmalig en is betaalbaar op provinsiale vlak. Inskrywings sal slegs beoordeel word indien inskrywingsgeld betaal is.**
- ’n Leerder mag **as individu sowel as lid van ’n groep** deelneem.
- Let op die **maksimum leerders** wat in ’n **groep** in hierdie **kategorie** moet wees.
- By **groepinskrywings** moet elke lid sy/haar afsonderlike bydrae **skriftelik** aan die einde van die opdrag aandui.
- ’n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12).
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE.**
- **Alle inskrywings moet die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **GEEN laat inskrywings word aanvaar nie.**
- Versending-, reis- en verblyfkoste word deur die skool of leerder gedra.
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissings op provinsiale en nasionale vlak is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*
- Inskrywings sal gepenaliseer word wanneer:
    - die **naamlys vir kontrole nie volledig ingevul** is **nie**
    - die **skoolnaam** op die inskrywing verskyn
    - die **inskrywings- en/of evalueringsvorm ontbreek**
    - **die voorblad ontbreek**
    - **inligting** op die vorms **ontbreek** of **onvolledig** is
    - **verkeerde kategorienommers o**p vorms verskyn
    - **NB! NB!** inskrywings nie aan **kategorievoorskrifte** voldoen nie
    - **plagiaat** gepleeg word
    - **kopiereg** nie reg hanteer word nie
    - **inskrywingsgeld nie betaal is nie**
    - **inskrywings laat ontvang word**

1.2 Voorskrifte vir die hantering van ’n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:

- **Font: Arial**
- **Lettergrootte: 12**
- **Spasiëring: 1½**

➢ **Elke inskrywing moet die voorgeskrewe voorblad hê**. (Sien bl. 64.)
➢ Die **name van al die leerders in 'n groep** moet op die **voorblad** ingevul wees.
➢ Die **voorblad** moet **VOORAAN** die inskrywing vasgeheg word.
➢ Die **toepaslike evalueringsvorm** moet **AGTERAAN** die inskrywing vasgeheg word.
➢ Beoordeling word slegs **op nasionale vlak** gedoen.
➢ **EEN evalueringsvorms** word aan elke inskrywing geheg.
➢ **Geen plaaslike evalueringsvorms mag aangeheg wees nie!**
➢ **Geen punte** mag op enige plek op die inskrywing (boek of papier) sigbaar wees nie.
➢ Vorms moet in **drukskrif** ingevul word.
➢ Elke skool ontvang 'n **Ekspo-identifikasienommer** wat op alle vorms ingevul moet word.
➢ Gebruik **toeknipsakkies** by die kategorieë **Animasiefilm**.

2. OPDRAG

- Skryf 'n rubriek van 350 tot 400 woorde.
- Hou *JIP*, die tienerbylaag in *Beeld*, *Die Burger* en *Volksblad*, se teikenmark in gedagte as jy die rubriek skryf. Dit is 14- tot 18-jariges.
- Gebruik een van die gegewe temas (**onder**), maar bou jou eie onderwerp (oor enigiets, van rebelsheid/ skoolgaan ens.) daarom. Wees so kreatief soos wat jy wil.
    - Dui aan die einde van jou rubriek aan watter tema jy gekies het.
- Kies 'n naam vir jou rubriek (in *JIP* is Aldu Duminy se rubriek byvoorbeeld 'Flameskerp' en Lizelle Pistorius s'n is 'Zelliefikasie').
- Gebruik Arial, punt 12 en 1,5 spasiëring. Moet die rubriek nie uitlê in koerantformaat nie.
- Dui heel bo aan watter tema jy gekies het. Skryf dan die naam van jou rubriek, gevolg deur 'n prikkelende opskrif ('kop') en daarna die rubriek.

Temas (kies slegs een)

- Dieselfde ou storie, elke dag.
- Dis nie so eenvoudig nie.
- Wie dink jy is jy?
- Doen dit anders.
- Eendag as ek groot is …

Wenke:

Styl: Lesers moet jou stem kan hoor.

- Lees ander rubriekskrywers se werk, maar moenie hulle manier van doen kloon nie. Werk uit wat jou unieke inslag is.
- Skryf met passie en bied 'n oplossing of 'n nuwe manier van kyk as jy 'n probleem aanroer.

  - Goeie taalgebruik geld steeds, hoewel ’n rubriek eie-opinie is. Maar, jy kan loslit skryf as jy wil.
- **Argument:**
  - Formuleer jou opinie op so ’n manier dat dit sinvol en oortuigend is. Dit sal verg dat jy ’n duidelike argument moet hê.
  - Sorg dat daar ’n goue draad deur jou rubriek loop. Lesers moet van die begin tot einde weet wat jou punt is. Moenie so meegevoer raak dat nét jy weet wat jy bedoel nie.
  - As jy jou lesers se aandag wil behou, sal dit help as jy oor iets skryf wat hulle dalk ook na aan die hart lê.
- **Inhoud:**
  - ’n Rubriek is nie die plek om preke af te steek of lessies te leer nie. As jou rubriek die kol tref, sal lesers in elk geval iets daaruit leer, of vanuit ’n nuwe hoek na ’n onderwerp kyk.
  - Rubrieke is die ideale plek om kwessies aan te pak wat ’n brandpunt is by jou skool. As jy kritiek lewer, moet dit egter nie persoonlik raak nie.
  - As jy een kant van ’n saak ondersteun, sal jy kennis moet hê van die ander kant ook. Dit sal jou help om met insig te skryf.
  - Gebruik humor slim – dit kan jou lesers vasgenael hou, solank dit nie platvloers is nie. Moet dit ook nie forseer as jy nié ’n grapmaker is nie.
  - Ondersteun argumente met feite wat jou standpunt geloofwaardig sal maak – moet lesers egter nie doodgooi met feite nie.
  - Stories oor die alledaagse lewe kan handig gebruik word om jou punt te bewys.
  - Deur jou argument te verbind aan ’n persoonlike ervaring, of die ervarings van iemand wat jy ken, maak jy die argument meer tasbaar.

Kategoriesleutel:

101 : J – JIP-rubriek

102 : S – JIP-rubriek

AFRIKAANS-EKSPO 2012
EVALUERINGSVORM: *JIP*-rubriek

Beoordelaar dui met 'n kruisie aan:

Provinsiale beoordeling	**Nasionale beoordeling**
Tema/ onderwerp **10**	• Het die skrywer die gegewe tema op 'n kreatiewe manier benader? • Handel die rubriek oor iets wat binne die skrywer se leefwêreld val en het hy/sy genoegsame kennis van die onderwerp waaroor hy/sy skryf? • Is die rubriek geskik vir *JIP* se teikenmark (tieners, 14 tot 18)?
Inhoud/ Argument **10**	• Is die argument/standpunt duidelik? • Word die argument van die begin tot einde deurgevoer? • Oortuig die skrywer die leser van sy/haar standpunt? • Is genoegsame voorbeelde/stories/persoonlike ervaring gebruik om die argument te staaf? • Word die argument subtiel aangepak, of preek die skrywer vir die leser oor hoe/wat om te dink? • Indien humor gebruik word, is dit sinvol en ondersteun dit die argument?
Styl **10**	• Kan die skrywer se "stem" duidelik gehoor word? • Volg gedagtes sinvol op mekaar en is daar 'n duidelike begin, middel en einde?
Taalgebruik **10**	• Is taalgebruik vernuwend/ kreatief? • Ondersteun die woordgebruik en sinskonstruksie die gedagtegang? • Indien die skrywer van tienertaal (Engels/slêng) gebruik gemaak het, kan dit gemotiveer word en word dit korrek gebruik?
Geheelindruk **10**	• Die beoordelaar se eie oordeel word hier aan die dag gelê m.b.t. die indruk wat die rubriek by hom/haar skep.

Totaal uit 50: **x 2 =** **%**

_____ _____
Beoordelaar se handtekening **Datum**

Kommentaar_____
Hierdie inskrywing is die leerder se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk.

Handtekening van onderwyser: _____

2012

Skool-ID	
Naam en Van (groepinskrywings ook)	
Geslag	
Graad	
Kategorienommer	
Titel	
Skoolvlakaanbieding: Afr. Huistaal, EAT, TAT	
Leerder se moedertaal	

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:

NASIONALE NOMMER :

NASIONALE PUNT

AFRIKAANS-EKSPO
KATEGORIEOPSOMMINGSVORM 2012
(Afrikaans Eerste Addisionele taal)

Sluitingsdatums: Plaaslike Ekspo: 12 April 2012
Provinsiale Ekspo: 4 Mei 2012

ONDERWYSER / KOöRDINEERDER VOLTOOI:

SKOOLIDENTIFIKASIENOMMER (bv. GT-PT-AA) _____

NAAM VAN ONDERWYSER/KOöRDINEERDER: _____

TEL: _____ **FAKS:** _____

INSKRYWINGS VIR DIE PLAASLIKE/PROVINSIALE/NASIONALE EKSPO IS:
(Merk asb. wat van toepassing is deur die getal inskrywings langsaan in te skryf)

Musiek & Liriek: Oorspronklik		Visuele voorstelling: Fotografie	
Musiek & Liriek: Toonsetting		Literêre vertaling	
Musiek & Liriek: RAP		Redenaars	
Skryfkuns: Prosa – Opstel		Koerantplakboeke: Koerantfoto's	
Skryfkuns: Prosa – Dialoog		Koerantplakboeke: Idiome	
Skryfkuns: Prosa – Beskr. Paragraaf		Koerantplakboeke: Straatplakkate	
Skryfkuns: Prosa – Dagboekinskrywing		Media: Koerante	
Skryfkuns: Poësie		Media: Tydskrifte	
Visuele voorstelling: Skilderkuns		Animasiefilm	
Visuele voorstelling: Tekenkuns			

Totale aantal inskrywings		**Totale aantal leerders wat deelneem aan die Ekspo**	

Opmerkings

_____ _____
Handtekening van kontakpersoon Datum

AFRIKAANS-EKSPO

NAAMLYS VIR KONTROLE 2012
(Hierdie vorm moet asb. getik word.)

N.B. Indien hierdie vorm nie ontvang word nie, sal die skool gepenaliseer word.

Hierdie vorm is ’n kontrolelys om inskrywings en kategoriegetalle te kontroleer.
Dit word saam met die inskrywings na die volgende Ekspo-rondte versend.
Hierdie vorm moet asb. getik word in die formaat wat aangedui word.
Gebruik asb. leerders se name wat op die sertifikate moet verskyn; geen voorletters nie, asb.

SKOOL VOLTOOI:

SKOOLIDENTIFIKASIENOMMER (bv. GT-PT-AA): _____

KONTAKPERSOON: _____

HANDTEKENING: _____

TEL: _____ **FAKS:** _____

Elke kategorie moet op die volgende wyse voltooi word:

Kategorie: Skryfkuns - Prosa: Kortverhale
Skool-identifikasienommer, bv. GT-PT-AE

Voorbeeld:

			Persentasie behaal op Ekspo:		
Naam van leerder	**Kategorienr.**	**Titel van inskrywing**	**Plaaslike**	**Provinsiaal**	**Nasionaal**
Jan Poggenpoel	1:J	Afrikaans ons taal	70		

Totale aantal inskrywings van kategorie: _____

- lke kategorie hoef nie op ’n aparte bladsy te wees nie.
- Die kategorieë moet geskei wees. Dit bemoeilik die kontrolering en administrasie geweldig indien dit nie is nie.

OPSOMMING:

INSKRYWINGSGELD 2012

1 BANKBESONDERHEDE:

Rekeninghouer: Afrikaans-Ekspo
Bank: ABSA
Rekeningnommer: 906 0311 018
Tak en takkode: Hatfield, 33 55 45

Skryf asb. by die verwysing u skool se naam of Skool ID-nommer.

Faks hierdie vorm en bewys van inbetaling na: 086 502 6484

2 SKOOL VOLTOOI

Ekspo ID-nommer: _____

Kontakpersoon: _____

Tel: _____ **Faks**: _____

Slegs leerders wat 75% en hoër op plaaslike Ekspo behaal het, betaal op provinsiale vlak.

VOORBEELD:

Kategorie	**Bedrag X**	**Aantal**	**Totaal**
Poësie	R20	30	R600
Koerantplakboeke	R20	15	R300
TOTALE BEDRAG INBETAAL			**R900**

Kategorie	**Bedrag X**	**Aantal**	**Totaal**
	R20		
	R20		
TOTALE BEDRAG INBETAAL			**R**

AFRIKAANS EKSPO 2012

PROVINSIEKOÖRDINEERDERS

GAUTENG (1)	GAUTENG (2)
Mev. Lidia Hendriks (Pretoria-Moot) Posbus 31248 TOTIUSDAL 0134 **Sel:** 082 564 4840 **E-pos:** jlhendriks@xsinet.co.za	**Mev. Chrisna Nel (Voorlopig)** Posbus 76386 LYNNWOODRIF 0040 **Sel:** 083 276 1471 **E-pos:** chrisna7@gmail.com
NOORDWES	**MPUMALANGA**
Mev. Susan Lourens Posbus 6321 BAILLIEPARK 2526 **Tel:** (018) 297 0204 (h) **Tel:** (018) 299 4081 (w) **Faks:** (018) 299-4084 **Sel:** 073 898 0181 **E-pos:** Susan.Lourens@nwu.ac.za	**Mev. Melanie Wright** Posbus 1701 HOEDSPRUIT 1380 Tel: (015) 793-0299 (h) **Sel:** 084 767 4608 **E-pos:** hoedspruitvoortrekkers@webmail.co.za
NOORDELIKE PROVINSIE	**VRYSTAAT**
Mev. Magda Wentzel Posbus 4619 PIETERSBURG 0700 **Tel:** (015) 263-6233 (h) **Sel:** 083 680 7185 **E-pos:** m.wentzel@afrikaner.co.za	**Mev. Thea Steenekamp** Maraisstraat 42 KROONSTAD 9499 **Tel:** 056-2126775 **Sel:** 083-732-3328 **E-pos:** tsteenekamp@telkomsa.net
OOS – WES/KAAP	**NOORD-KAAP**
Mev. Hesti Meyer Posbus 1504 WORCESTER 6849 **Tel:** 086 122 3423 **Faks:** 086 613 9917 **Sel:** 084 407 1192 **E-pos**: kplvoort@iafrica.com	**Mev. Chrisna Nel (Voorlopig)** Posbus 76386 LYNNWOODRIF 0040 **Sel:** 083 276 1471 **E-pos:** chrisna7@gmail.com
NATAL	
Mev. Chrisna Nel Posbus 76386 Lynnwoodrif 0040	**Sel:** 083 276 1471 **Faks:** 086 502 6484 **E-pos:** chrisna7@gmail.com